

30 Desember

Skrifgedeelte: Openbaring 21:22-22:5

Die stad sonder 'n tempel maar binne-in 'n tuin!

In die Ou Testament was die tempel die simbool van die teenwoordigheid van die Here. In die Nuwe Testament is elke gelowige die woonplek van God asook elke gemeente wat voor sy Woord buig. In Joh 14:13 staan die pragtige woorde: “As iemand My liefhet, sal hy my woorde ter harte neem; en my Vader sal hom liefhê, en Ons sal na hom toe kom en by hom woon.” In die nuwe Jerusalem, die volmaakte kerk, is 'n tempel egter oorbodig, want God en die gelowiges woon bymekaar.

Maar waarom is daar dan 'n tuin en dit in die sentrum van die nuwe hemel en aarde en die nuwe Jerusalem? Die water vir die tuin kom uit die troon van God en vloei soos 'n rivier. Die stad (die verheerlikte kerk) het toegang tot die onuitputlike bron van genade.

God doen altyd dit wat vir die mens onmoontlik is. Dit het Hy met die skepping van die heelal gedoen. Dit het Hy met die geboorte van Jesus uit die maagd Maria gedoen. Dit het Hy met die opwekking van Jesus uit die graf gedoen – en met die skep van nuwe lewe in dooie sondaarsharte!

God het ook in die woestyn van jou lewe kom tuinmaak. Hy het die rivier van genade deur sy Woord en Gees oopgemaak. Hy bring die oorvloed van sy genade nou reeds vir jou.

Sing: Skrifberyming 45:9,11

Dr B Duvenage (Emeritus)